## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

**Sondag:** Lettie Classen, Annemarie Kühn, Franco Lotter, Willem Styger.
**Maandag:** Gerda Briedenhann, Jenine Brink, Sonja Coertze, Zanli Harris, Eduan Naudé, Stephan Nortjé, Ena Zwarts, Riana van der Vyver.
**Dinsdag**: Stephan Durand, Elize Nel, Chris Scheffer, Anesmé van Wyk.
**Woensdag:** Tania Booysen-Visser, Magriet Erasmus, Archie Rudman.
**Donderdag:** Garry Cahay, Hettie Fourie, Sumaine Kilpert, Fanie Lategan, Hanna van Noordwyk.
**Vrydag:** Gedia Engelbrecht, Pieter van den Heever.
**Saterdag:** Annabi Postma.

Leesondersteuning is nodig vir Sir Lowryspas leerders wat in die infromele strukture woon.
Hierdie leerders kan nie biblioteek-dienste kry nie, aangesien hul geen bewys van adres kan toon nie.
Die kinders sukkel almal met lees.
Indien enige iemand **kinder– en jeugleesboeke of enige lees-materiaa**l het om te skenk, sodat lees aangemoedig kan word, kontak asb. vir Elna Visagie (tel. 0792757055).

'n Mamma van Pofadder is op soek na **veilige, bekostigbare akkommdasie** vir haarself en haar matriek seun. Hy kom skryf sy Cambridge matriekeksamen by Helderberg International School vanaf 29 September tot 30 Oktober (30 dae).
Dit moet 'n 2-slaapkamer, selfsorg plekkie wees.
Kontak gerus vir Elna Visagie (tel. 079 275 7055) indien jy kan help.

**Aanhouwen** het 'n dringende behoefte aan **winter klere** (mans en dames), gordyne, komberse, kussings, speelgoed en **wit olifante** vir hul winkeltjie. U kan dit gerus by Aanhouwen direk gaan aflaai by Dummerstraat 32.

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
# NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

## FAMILIENUUS

SONDAG 12 MEI 2024

### WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00: DS EWALD JANSEN VAN RENSBURG
SKRIFLESING: FILIPPENSE 2:6-11
TEMA: AFLEER - LEEG MAAK VAN JOUSELF.

Kom drink gerus tee na die diens en kuier met mekaar.




**Vandag se deuroffer: Bybelverspreiding**

Die Bybelgenootskap se doelstelling is om die Bybel beskikbaar te stel, sonder enige dogmatiese aantekening of kommentaar, aan elke leser in sy eie taal teen 'n prys wat dit binne bereik van die armste bring. Hul gereelde werksaamhede sluit vertaling, produksie en verspreiding in en hul word gefinansier deur kerke, organisasies, skole en individue.

**Volgende week se deuroffer: Uitsending van eredienste**

**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

## Bybelstudie in die Familiekamer op Woensdae

Ons vergader op **Woensdae, 08:45 - 09:45 in die familiekamer** en is tans besig met die Jakobus-brief.

Volgende byeenkoms is op 22 Mei 2024

## Macassar Jesusbende het 'n nuwe naam!!



***Ligdraers in Macassar***

## Leierskapskamp te Disakloof - 'n Droom word waar!!

'n Baie spesiale kamp vind hierdie naweek plaas op Disakloof, en ons gemeente is baie bevoorreg om deel daarvan te wees. Twee organisasies waarby ons gemeente baie nou betrokke is, Disakloof Kampterrein en Ligdraers vir Macassar (voorheen Macassar Jesusbende) het saamgespan met die VGK Macassar om leierskapskampe vir leerlinge van Macassar Primêre Skool aan te bied. Agt graad 6 en agt graad 7 leerders neem aan hierdie program deel. Daar word beoog dat die kinders in 'n tydperk van twee jaar ses sulke kampe sal bywoon.

Kom ons sê dankie vir die rol wat ons in hierdie projek kan speel, en bid vir die kinders, hulle ouers en die skool

## Die Skriba-pos in ons gemeente

Met hartseer én met opgewondenheid het Rencia van Wyk, ons gemeente skriba die afgelope tien jaar, onlang kennis gegee dat sy bedank, aangesien sy vanaf 1 Junie 2024 'n voldag-pos in die sake-wêreld aanvaar het. Ons is hartseer, want gaan haar mens-wees en haar kennis só baie mis. Terselfdertyd is ons saam met haar opgewonde vir die nuwe uitdagings wat sy bereid is om aan te pak.

Die kerkraad is besig met 'n proses om die skriba-pos en die admin / ontvangs-pos te laat saamsmelt, sodat dit voortaan net een pos sal wees, naamlik dié van skriba.

# Pinkster 2024

## Die Heilige Gees en ons denkwyse & leefwyse van Jesus

*Die vreemde en onseker tye waarin ons nou leef, bring vrees. Om vrees te oorkom moet ons as Jesusnavolgers, egter die tekens van die tye (dit wat rondom jou en my gebeur) kan lees, met ander woorde, kontekstuele intelligensie hê (1 Kronieke 12:32a).* ***Kontekstuele intelligensie*** *is niks anders nie as om met vertroue in God te lewe.* ***Vertroue is om as te ware die denkwyse & leefwyse van Jesus te hê.*** *Daarmee wil die Heilige Gees ons lewenslank help (2 Kor. 3:18). Pinkster 2024 wil ons op hierdie reis van die Heilige Gees neem.*

**Sondagoggend** 12 Mei **Afleer –** *leeg maak van jouself*.
**Sondagaand** 12 Mei **Verdiep** – *word 'n Jesus-mens.*
**Maandagaand** 13 Mei **Bedag** – *aanskou die kruis.*
**Dinsdagaand** 14 Mei **Verward** – *in die graf-gat.*
**Woensdagaand** 15 Mei **Ontdek** – *deur Sy opstanding en hemelvaart.*
**Sondagoggend** 19 Mei **Beliggaam –** *jou nuwe skepping.*
Elke aand om 19:00 in die kerk (Ma tot Do ook in kerkgebou om 9:30)
Pinksterdienste is vir die hele HH familie bedoel.
Dit word gelei deur Ewald van Rensburg.
***Sop en brood*** *elke aand (ook in die oggend) na die diens waar elke lid van ons familiekerk gesellig kan saamkuier!* ***LAAT WEET AS JY KAN HELP HIERMEE ASB.***



*To glorify God means to live in such a way that when people look at you, they think: what a good God, God must be to think up somebody like that!* (Dallas Willard)